Skriflesing: Filippense 2:1-11; 3:1-21
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 6**
Teks: **Filippense 2:6-11; 3:7-9**
Sing- (Samesang- Ps.94:5,6) ; Ps.121:1,2; Ps.105:10,13; Sb.33:1,3

In die vorige Sondae van die Kategismus, broeder en suster, was daar werklike worstelinge oor die mens se ellende. Die vraag of verlossing enigsins moontlik is, en as dit moontlik is hoe moet die Verlosser dan wees…? Sondag 3-5 was hiermee heeltyd besig. Die moontlikheid van verlossing is daar, die moontlikheid van 'n Verlosser is daar, maar is hierdie kwalifikasies nie heeltemal buite die kwessie nie. Kan daar werklik so Een wees, soos wat Sondag 5 van praat, wat waarlik God is, maar wat ook waarlik mens is?

Met hierdie vrae in die agterkop wil ons belydenis nie maar net menslike vrae beantwoord nie, want nooit mag dit maar gaan oor wat ons dink ons Verlosser aan moet voldoen nie. Dit mag nie maar net gaan oor menslike studie nie, maar in alles en veral ook in Sondag 6 gaan dit om Goddelike openbaring. God wat Homself bekendmaak, watter geweldige daad van God om net daaraan te dink, dat God Homself kenbaar maak, maar ons het nog 'n groter voorreg! God het Hom geopenbaar in die vlees, ja in 'n mens. Laat ons dit op die heel duidelikste stel, wanneer die oomblik van die grootste waarheid wat daar nog ooit in die geskiedenis plaasgevind het is daardie oomblik wanneer God mens geword het. Net die gedagte van God het mens geword, daar kan geen groter hoogtepunt as dit wees nie!

***

Maar soos wat ons in ons lewe moet wees, so is die Kategismus ook, dat jy nooit dinge moet vooruitloop nie. Die oomblik as dinge vooruitgeloop word dan gaan daar van die belangrike dinge skade ly en verlore gaan. Ons kan nie by die Verlosser uitkom as daar nie op die regte manier na Hom gegaan word nie. Die regte manier is ons belydenis se manier van hoekom is Hy ware en regverdige mens…hoekom moet Hy dit wees…maar asof die vraag in heiligheid bo alles uitstyg hoekom is dieselfde Mens terselfdertyd ware God…hoekom moet Hy ware God wees. U kom agter en ons stem saam, hierdie WAAROM-vrae, gaan om die wese van die Middelaar. Die vereistes, sy Wese moet voor sy Persoon staan. Eers as ons oor sy wese duidelikheid het, kan daar oor sy Persoon

duidelikheid kom. Hierdie noodsaak tot ware mens-wees sal u in Sondag 5 onthou het reeds met God se geregtigheid begin. Die reg van God- die sentrale deel van Sondag 5- moet aan voldoen word. Daar kan nie betaal word as God se reg nie voorop staan nie, en God se reg eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Dit is wesentlik.

***

'n Losser, was in die Ou Testament reeds bekend, soos Boas wat vir Rut as losser opgetree het, en dan het Boas op twee manier as losser na vore moes kom. Boas moes in die plek van 'n ander skuld betaal, en dit het Boas vir Naomi moes doen, deurdat hy Naomi se erfbesit in Israel van die een wat haar nie wou verlos nie, teruggekoop en betaal het.

Maar Boas was dubbele losser, want het hy ook as losser Rut van kinderloosheid verlos. Dit gebeur deur in die plek van Maglon, haar oorlede man by haar kinders te verwek, sodat daar weer lewe kan kom, waar dit in haarself nie sou kon gebeur daar die een wat dit moes doen, Maglon dood is! Die dooie Maglon spreek eintlik tot ons vanaf Sondag 2-5, dat dit is ook wat ons in onsself is- DOOD! Boas word iets van losser en verlosser, lewens-wekker, maar Boas gee net skaduwees na wat Sondag 6 eintlik by wil uitkom. Boas het getoon, en so vorm hy iets van 'n tipe wat Christus werklik is, dat hy wat Boas is 'n losser kan wees, dat hy dit ook wil wees, en dat hy dit waarlik ook is. As ons op die einde van Sondag 6 moet saamvat, dan sal dit net hieroor kan handel. Christus kan Verlosser wees, Hy wil Verlosser wees, Hy is dit inderdaad!

***

Hy kan dit wees, want Hy is waarlik mens, Hy wil dit wees, want Hy is waarlik God, Hy is dit, want hierdie Jesus is waarlik die Christus, Hy is wat sy vraag aan Petrus ook was- *Wie sê jy is Ek?* Nie wat sê ander mense, of wat dink ander mense wie Ek is nie, maar Petrus en so vra die Here uit Sondag 6 vir elkeen van ons vandag hier- *Wie sê jy is Ek?* Sal u dit ook waarlik kan sê? Dat Hy vir U die Christus is, die Seun van die lewende God! As u dit kan sê, dan sal die Here ook u belydenis kan gebruik as die rots waarop Hy wat God is wil bou. Daar kan nie op Sondag 6 (en die res van die Kategismus!) enigsins verder gebou word as die rots, as die petra nie eerste daar is nie.

Moet nie dat dit vir u oor ander dinge gaan nie, maar laat ons Sondag 6 werklik beskou as die manier waarop Paulus dit ook besef het, dat hy (Paulus) ter wille van hierdie Christus alles prysgee, en dit as drek beskou sodat hy Christus as wins kan verkry. Daardie kennis wat Sondag 6 ons ook wil gee, om Hom as ware sondelose mens te ken, maar terselfdertyd as ware God. Met sulke kennis, ja ter wille van hierdie kennis, ag Paulus alle ander dinge skade, solank hy Christus Jesus, sy Here ken! As ek Hom nie waarlik ken nie, of ek dink ek ken Hom, of ek gee voor ek ken Hom, dan sal ander mense dit dalk nooit weet nie, maar weet dat God weet! …elke knie…waarlik *elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is*...hierdie knieë sal tesame buig, en dan gaan dit spesifiek oor elke tong wat Sondag 6 vandag moet kan nasê- *dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader*...

Die heerlikheid van God die Vader is ’n heerlikheid wat van die begin af gesê het- …*die siel wat sondig, dié moet sterwe.* Esegiël 18 staan dit in vers 4 en vers 20. Christus nie net ware mens nie, maar sondelose mens, is al Een wat kon betaal. ’n Mens vir mense moes daar wees, een met ’n geslagsregister,, wat soos ’n kind moes opgroei, wat kon huil, wat honger geword het, wat dors gehad het, waarlik moes dit wees soos Hebreërs 2 ook skrywe- *in alle opsigte aan sy broeders gelyk!* Ons verlossing staan en val by hierdie ware mensheid van Jesus. Dit is ’n heilige moet, ’n onwrikbare eis van die regverdige God…wat op geen ander manier na gekyk kan word nie. Gewoonlik het sake meer kante, maar hierdie saak van die Verlosser wat ware, regverdige mens moes wees, ware sondelose mens, kan net op één manier na gekyk word! Dit is hoe die Bybel hierna kyk, m.a.w. dit is hoe God Hom aan ons openbaar…

***

Dit het God vooraf bestem, maar God het Hom ook aan ons gegee. Homself aan ons gegee, want dit gaan ook om ons Verlosser se waaragtige Godheid. Alleen uit die krag van sy Godheid sou Hy die las van God se toorn aan sy mensheid moes dra. Daar was daardie dag wat selfs Jesus se menslike skouers vir die krag van die toorn van God te swak was, so verskriklik is hierdie toorn van God, wat Hy aan sy mensheid moes dra, dat Hy na sy mensheid aan die kruis op Golgota verbrysel is, daar het ’n swaard deur Maria

se siel gaan, by die breek van Jesus se mensheid. Maar daar het sy Godheid, dit wat Hy waaragtig ook is, hierdie toorn kon verduur wat geen mens kan verduur nie. Die las van die toorn van God is al in die Ou Testament in die sterkste woorde denkbaar uitgedruk- Deut. 4- *Want die Here jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God…*Ps.130:3- *As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?*

Waar die menslike natuur breek en die goddelike natuur alleen staande kon bly, dit het Jesaja 53 in verskeie verse na vore gebring, maar veral vers 5- *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.* Hoe wonderlik tree Ps.69:5 hier na vore – alleen op grond van sy ware Godheid het Hy vir ons kon *teruggee wat Hy nie geroof het nie…*Dink mooi daaroor- Hy het van ons kon wegvat die oneindige las van God se toorn oor ons sondes, maar omdat Hy waarlik God is, het Hy ook iets baie kosbaars gegee in die plek van wat Hy kon wegvat, nl. Hy het vir ons gegee die ewige lewe…*Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie!* As dit nie was dat Hy waarlik God is nie, sou daar nooit 'n teruggawe kon wees nie!

***

Hierdie suiwere mens, hierdie waaragtige God, ons het gesien dit wat Hy kan wees, dit wat Hy wil wees, maar Wie is Hy werklik? Die Persoon van die Middelaar tree soos op 'n paradegrond daar duisende en duisende mense mag staan, maar uit daardie duisende, nee uit miljoene en miljoene mense, biljoene, hoeveel daar ook al op aarde mag wees, daar tree net Één na vore! Watter geweldige oomblik wanneer dit aanbreek, as die Kategismus die Naam bekend maak, van Wie is Hy wat aan al hierdie gestelde vereistes voldoen. Hy is ons Here Jesus Christus. Ons moet kan uitroep= Eureka- ONS HET HOM GEVIND-

Ons hoef nie langer sidderend in die newels van onsekerheid te verkeer nie. Dis helder, dis duidelik, daar is net Een soos Hy, Hy Jesus Christus, Hy is ons Middelaar. En dan asof die oomblik vir die opstellers van die Kategismus ook te groot word, en wat doen 'n gelowige mens as die oomblik vir jou te groot word- jy gryp na die Woord- geen oomblik kan vir die Woord te groot wees nie. Tot verbasing prewel antwoord 18 dit uit soos 1

Korinthiërs 1:30 dit sê…*Hy is ons geskenk tot wysheid, tot geregtigheid, tot heiligmaking en verlossing*…of dan soos dit direk daar staan…*deur Hom is julle in Christus Jesus wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing*…Hy is dit alles! Hy is gegee tot Wysheid, want uit Hom kan ons uit die duister van Sondag 2-5 nou uittree, ons kan oorgaan uit die duister na die wonderbare lig, Hy is die blink môrester , in Wie ons al klaar die dagbreek van ’n nuwe môre kan sien die ewige dag wat God oor ons gaan bring. Daardie wysheid dat God se meesterplan, sy wysheid tot ons verlossing nou ’n volle werklikheid geword het.

Hy is ook tot ons geregtigheid. Sonder Hom sou daar geen geregtigheid kon wees nie. Hy het die verskriklike toorn, ’n las wat geen mens sou kon dra dit het Hy op Hom geneem. Hy het al die gebooie van God gehou, daarom kan ons maak soos wat Luther ook gemaak het. Luther het die duiwel toegesnou dat “Christus is my geregtigheid”…As jy by Hom geen onreg vind nie, dan seer seker ook nie by my nie, want Hy staan in my plek”. As deel van die wyse plan van is Christus nie net tot ons geregtigheid nie, maar ook tot ons heiligmaking. As dit nie vir hierdie heiligmaking was nie, dan sou Filippense 2:13 nie moontlik gewees het nie- …*dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae*…en dan ook veral staan hierdie heiligmaking direk in verband met Filippense 1:6- *dat God wat die goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.*

Die Kategismus bring dit alles saam soos 1 Korinthiërs dit ook doen- Hy is tot ons volkome verlossing gegee. In die Grieks by 1 Korinthiërs staan dat Hy eintlik tot ons LOSKOPING gegee is. Dit staan in verband met die gebruik rondom slawe. Wanneer slawe losgekoop word dan was daar ’n losprys nodig, of as iemand ’n ter dood veroordeelde was, dan kon hy ook alleen loskom deur die betaling van ’n losprys. Daarom lees ons ook in Matt.20:28 dat Christus Self sê- *Hy het gekom om sy lewe te gee as losprys vir baie*…Dit wat in Sondag 5 en 6 so baie keer gehoor was. Dat daar betaal moet word, daar moet ten volle betaal word, en nou die geweldige wonder. Dit is God wat die betaling eis, maar in Christus betaal God Self. Die loskoping vind deur die bloed van Christus plaas.

Dit waarvoor God Christus bestem het, as ons Verlosser, ons Saligmaker, ons Borg, daarvoor het God Hom nie net bestem nie, God het Hom werklik aan ons gegee, maar weet U God Self verkondig dit ook aan ons. Ons sou dit nie geweet het as dit nie aan ons verkondig is nie. Daarom die só belangrike vraag wat in Sondag 6 laaste staan- ***Waaruit weet jy dit?...*** **Uit die heilige Evangelie**, is ons antwoord! Dit gaan nie om hoe Christus uiterlik gelyk het, dat mense aan sy uiterlike kon sien dat Hy waarlik God is nie…Née! Uiterlik het Hy alles behalwe soos 'n Koning gelyk. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem. Jesaja 53 praat van *Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad , dat ons Hom sou aansien en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie…*

So min soos wat ons hierdie dinge vanuit Christus se uiterlik fisiese voorkoms kan haal, so min kan dit vanuit sy wonderwerke afgelei word…Selfs Jesus se eie prediking was ook nie die finale manier hoe al hierdie dinge geweet kon word nie. Al was daar baie mense wat sy prediking gehoor het, is daar weinig wat dit geglo het. Net soos met Jesus se wonderwerke. Al het baie mense dit gesien, het hulle nie werklik geweet Wie Hy is nie. Party het gesê Hy is Elia of Hy is Johannes die Doper, of Jeremia of een van die profete. M.a.w. nog Jesus se voorkoms, nog sy preke, nog sy wonderwerke was nie die manier waarop ons Hom as Verlosser kan ken nie. Die Kategismus is reg. Dit is net uit die heilige Evangelie, uit die Woord van God, van Genesis tot Openbaring waarin al hierdie geskrifte van Hom getuig waaruit ons Hom kan ken.

Buite die Evangelie, los van die Evangelie kan ons Hom nie waarlik ken nie. Soos Paulus vir Timotheus ook skrywe wanneer dit gaan om die Evangelie dan gaan dit om die hele Woord van God- *Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red…*Dieselfde woord het die Emmaüsgangers se harte warm gemaak, want al het Jesus na sy opstanding met hulle saam gestap, het hulle Hom nie erken nie. Eers moes die Woord verkondig word- en so som hulle dit op- *Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het* ***en vir ons die Skrifte uitgelê het nie*** (Luk.24:30).

Die Evangelie, die heilige Evangelie van God, waar God Self aanvanklik in die paradys Hom bekend maak, waar God Self sy wegloop kinders agternaloop, met die vraag- *Waar is jy?*...Waar is jy as dit kom by die ken van Christus is dieselfde vraag vir jou en vir my. Die getuienisse van en oor Christus is so pragtig, dit is eenvoudig asof daar eintlik 'n skildery van ons Verlosser vir ons geteken word. Dit word nie met verf gedoen, want niemand kan Christus werklik skilder presies soos Hy is nie, maar ons het tog 'n skildery van Christus. 'n Skildery met woorde geskilder, en as ons saam met Sondag 6 die kwaste neersit, dan is dit verruklik mooi. Al die lyne wat daar in en om Christus getrek word.

Die Skrif het soveel diepte. Die Kategismus kyk saam met die Woord veral op drie vlakke na Christus. Die vlak van sy afstamming- hoe daardie afstamming by Adam begin, oor Dawid, tot by Josef en Maria. Ons het ook die vlak van sy lyding. In die moederbelofte was daar al sprake van die slang wat sal byt, maar ook die baie diere wat daar geoffer moes word, diere wat moes sterwe, is alles tekenend van die lyde wat daar vir Christus sou kom. Jesaja teken Hom aan ons as die Man van smarte. Ons het reeds sterk daarna verwys. Die derde lyn, of derde vlak waarin die Skrif vir ons Christus teken is in sy heerlikheid. Die slang wat sal byt, maar sy kop sal vermorsel word. Jesaja sit die woorde wat Hom teken bymekaar- *Wonderbare Raadsman, sterke God, ewige Vader, Vredevors.*

Dit alles gaan in vervulling, hierdie Een wat as Mens hier onder ons kom woon het, hoe wonderlik om vandag uit Sondag 6, sommer vroeg vanuit die Kategismus sy Naam te mag aanroep. Hoe hy die lyn van heerlikheid juis op aarde sterker en sterker na vore gebring het. Siekes het Hy genees, sovele wonders gedoen, duiwels uitgedrywe, op die einde, die graf en die dood oorwin, die helse magte van Satan kon Hom nie teëhou nie. Ja as ons nou Sondag 6 mooi na kyk, dan het ons gekom by die heerlikheid vandat ons sulke ellendige sondaar mense dinge mag weet wat ons nie sou weet as dit nie was vir God se Woord nie. *O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!...want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid.* Johannes het ook voor hierdie skildery van woorde Christus gesien en dan skrywe hy sommer in die begin van sy

evangelie- *Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.* Sondag 6 gee die werkmiddel in die hand van die Heilige Gees om die geloof in ons harte te bevestig. Die Woord is die Heilige Gees se werkmiddel, maar daar moet ook geloof in ons harte kom. Sonder geloof sal jy Christus net so min leer ken, soos wat jy Hom sonder sy Woord kan leer ken. Sondag 7 tot Sondag 23 is bedoel vir gelowiges. Net deur die geloof kan jy deel kry aan Wie Christus werklik is. Daaroor sal ons 'n volgende keer moet handel.

AMEN

Vrae uit Sondag 6

1. Waarom moes Christus waarlik 'n regte sondelose mens gewees het?
2. Waarom moes Hy ook waarlik God wees?
3. Is daar in die Ou Testament al sprake dat iemand as 'n "losser" (verlosser) vir iemand anders kon optree?
4. Is daar vir Paulus (vgl. die Fil.- gedeeltes) enigiets belangriker as om Christus waarlik te ken?
5. Wie het Christus aan ons volgens antwoord 18 gegee?
6. Waartoe is Christus volgens antwoord 18 aan ons gegee (4 woorde)?
7. Is daar in die Ou Testament al enigsins sprake van Christus?
8. Kan mense wat nie 'n Bybel het nie waarlik ook vir Christus ken?
9. Wat is die moederbelofte?
10. Is dit moontlik om Christus te ken, al het jy sy Woord, maar jy glo nie waarlik nie?


SONDAG 6
16. Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?
Die geregtigheid van God eis:
Wat?
Die menslike natuur wat gesondig het, moet vir die sonde betaal
Maar die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie
17. Waarom moet Hy terselfdertyd ware God wees?
Uit die krag van sy Godheid moet Hy die las aan sy mensheid kan dra
Watter las?
Die las van die toorn van God
Gevolg?
So verwerf Hy die geregtigheid en die lewe en gee dit aan ons terug


18. Wie is hierdie middelaar wat terselfdertyd ware God en ware, regverdige mens is?
Ons Here Jesus Christus
God het Hom vir ons gegee tot:
wysheid
geregtigheid
heiligmaking
volkome verlossing
19. Waaruit weet jy dit?
Uit die heilige evangelie
God het dit aanvanklik self in die paradys bekend gemaak
Hy het dit laat verkondig deur:
die heilige aartsvaders
die profete
Hy het dit laat uitbeeld deur:
offers
en ander seremonies van die wet
Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.